

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11

Fokusgedeelte: Romeine 5:1, 10, 11

Versoening – vrede met God

Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus ... As ons, toe ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, hoeveel te meer sal ons deur sy lewe verlos word nou dat ons met Hom versoen is! ... Maar dis nie al nie; ons vind ons roem ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.

Vers 1 sluit direk aan by 4:25 (Hy is ter wille van ons oortredings oorgelewer, en ter wille van ons regverdigmaking opgewek), maar daar is tog iets nuuts daarby. Ons kry hierin die dankbare blydschap van die gelowige oor die sekerheid van die verlossing wat reeds sy deel is. Daarom ook die persoonlike toon, soos blyk uit die woordjie “ons.” Die regverdiging is ’n onveranderlike feit wat deur die gelowige aanvaar is. Die geloof gee die versekering dat die gelowige reeds nou vrede by God het deur onse Here Jesus Christus.

Met *vrede* word bedoel: Laat die Here ons deur Paulus diep bewus word van die nuwe verhouding tot God wat tot stand gekom het deur die versoening wat Christus bewerk het. Dit is ook belangrik dat ons weet dat die begrip versoening wat in verse 10 en 11 gebruik word, sentraal staan in die groep van verse. Waar “versoening” in 3:25 wys op die bedekking van die skuld, dui versoening hier op die herstel van gebroke verhoudinge tussen twee strydende partye.

Dit gaan dus om die vrede wat tot stand gekom het deurdat Christus met sy soenoffer die vyandskap tussen God en die mens weggeneem het. In sy genade het God nou deur die gawe van sy Seun die vyandskap verwyder. Daarom kan daar nou sprake wees van vrede met God. Wie Jesus Christus deur die geloof aanneem, het ook hierdie vrede ontvang.

Sing: Skrifberyming 33 (2-4):1

Ds. MP Fourie (MP) (emeritus)